

Vir eens en vir altyd

In ons lewe as gelowiges is daar afgehandelde en onafgehandelde sake. Deur die geloof is ons verlos – dit is afgehandel. Tog wag ons op die finale bevestiging van hierdie verlossing – dit is nie afgehandel nie. Verkeerdelik laat ons so dikwels die klem val op die onafgehandelde deel. Dit is dan wanneer ons bewustelik of onbewustelik begin lewe met die houding dat ons verlossing onseker is. Ons wil dan self iets aan ons verlossing doen. My ritueel van daaglikse skuldbelydenis word vir my die reddingsbron – so asof ek verlore is as ek nie my skuld bely nie, en dan weer gered as ek dit gedoen het. Dis dan wat my godsdiens verval in “rituele” sonder vreugde en sonder uitsluitel, besaai met onsekerheid.

Hoe heerlik klink die woorde “vir eens en vir altyd” (volkome) dan op die oor. Dit moet ons vertrekpunt wees en daarop moet ons fokus. Gelowige, die saak is vir eens en vir altyd beslis. Jesus Christus het een volmaakte offer gebring vir al jou sondes, Hy het opgestaan uit die dood, en Hy leef by God om vir ewig vir jou in te tree. Die Ou-Testamentiese priesters se offerwerk was nooit klaar nie, nooit genoeg nie en tydelik. Jesus se offerwerk is klaar. Vir ewig staan Hy in as jou Borg. Dit verander nooit. Glo dit! Is dit dan nie wat geloof beteken nie: Om God op sy belofte-Woord te neem?

Natuurlik is dit alleen vir dié wat deur Jesus Christus na God gaan, die wat Hom in die geloof omhels as hulle Middelaar en offer vir hulle sondes. Jy wat so klein en onwaardig voel in jou sonde, jy wat voel dit is te laat, jy wat jou laat regeer deur die ou geraamtes in jou kas, wat in diepe onsekerheid leef: daar is sekerheid. Dit staan vas. Neem dan die tree en gaan deur Hom na God om genade te ontvang.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds JGL van der Walt (Oudtshoorn)